



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2011

AFRIKAANS HUISTAAL

PUNTE: 100

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

ALGEMENE INLIGTING


Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip	(20 punte)
AFDELING B:	Opsomming	(10 punte)
AFDELING C:	Poësie	(10 punte)
AFDELING D:	Taal in konteks	(20 punte)
AFDELING E:	Skryfwerk	(40 punte)

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees die instruksies by AL die vrae versigtig deur.
3. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
5. Laat 'n reël tussen die antwoorde oop.
6. Skryf netjies met blou of swart ink.
7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees die volgende resensie uit *Huisgenoot*, 19 Mei 2011 en beantwoord dan die vrae.

GROOT SKERM DEUR LEON VAN NIEROP**ROEPMAN**

Drama.

Met Paul Loots, Andrew Thompson en Rika Sennett.

Regisseur: Paul Eilers

16VTS

Begin op 20 Mei

Waaroor gaan dit?

1. 'n Spoorweggemeenskap in Durban se lewens word omvergewerp met die dood van H.F. Verwoerd en 'n seuntjie verloor sy onskuld.

Wie sal hiervan hou?

2. Enigiemand wat trots voel om Afrikaans te wees en wat glo die Afrikaanse rolprent moet besin oor waarheen hy op pad is. Met hierdie briljante en veelvlakkige toevoeging tot die Afrikaanse rolprentbedryf waag 'n regisseur en draaiboekskrywers dit om 'n (Suid-) Afrikaanse werklikheid te ontbloot soos Jans Rautenbach dit laas gedoen het.
3. Konserwatisme, preutsheid, engheid, godsdienstige vooroordele en klasseverskille word oopkop aangevat sonder om karakters te ver "kommin", verlaag of te stereotipeer. Dit tel in Paul Eilers se guns dat hy die Afrikaner met al sy foute, tekortkominge maar ook innerlike goedheid op verskeie vlakke en in skakerings uitbeeld in hierdie prent wat eintlik 'n mikrokosmos van Suid-Afrika in die 60's is. Moraliteit, sosiaal-ekonomiese probleme en 'n vrees vir die toekoms word met insig uitgebeeld. Daar is woeste tonele wat kan skok, maar dis tyd dat die sondes, skades en vergrype van die verlede simpatiek ontbloot word.
4. In die bui vir 'n omstrede, briljante werk waarin niemand sing of waar sangers probeer toneelspeel nie? Dan behoort jy besiel hier uit te stap. Gaan kyk. Dit ontsenu, maar dis nodig en vernuftig.

Soortgelyke flieks

5. *Die Kandidaat, Katrina, Die Storie van Klara Viljee.*

Springmieliefeite

6. • Die vervaardigers moes Blomstraat in Springs herbou en restoureer om 'n spoorweggemeenskap uit die 60's uit te beeld.
- Paul Eilers was eers 'n akteur, TV-aanbieder, radio-regisseur en omroeper voor hy hierdie rolprent, sy eerste as regisseur, gemaak het.
 - Paul Loots is na deeglike oudisies uit honderde seuns gekies om die hoofrol van Timus te speel.

A = almal G = geweld M = moet saam met 'n volwassene gekyk word
N = naaktheid O = ouerdiskresie S = seks T = taal V = Vooroordeel

5 sterre = 'n meesterstuk
4 sterre = uitstekend
3 sterre = goed
2 sterre = so-so
1 ster = 'n ramp


[Verkort en aangepas]

- 1.1 Waarom verskyn die resensie onder die opskrif, "Groot skerm"? (1)
- 1.2 Wie is die resensent? (1)
- 1.3 Wat is opvallend ten opsigte van die plek op waar die film afspeel en waar dit verfilm is? (2)
- 1.4 Watter soort werk doen die meeste van die mense in die film? (1)
- 1.5 Watter oorlede politieke leier van die 60's se naam word genoem? (1)
- 1.6 Gee DRIE redes waarom die film nie vir jong kinders geskik is nie. (3)
- 1.7 Watter kritiek lewer die resensent oor ander onlangse Afrikaanse films? (1)
- 1.8 Hoekom was Paul Eilers 'n goeie keuse as regisseur al was hy nog nooit voorheen agter die skerms by films betrokke nie? (2)
- 1.9 Wie is die hoofkarakter in die film en deur wie word die rol vertolk? (2)
- 1.10 Dink die resensent dat dit 'n goeie film is? Motiveer jou antwoord. (2)

[16]

VRAAG 2

Lees die onderstaande strokie uit *Landbouweekblad*, 13 Mei 2011 en voer dan die opdragte uit.



- 2.1 Wat het Doors eintlik vir sy plaaswerkers probeer sê? (1)
 - 2.2 Wat het hulle verstaan moet hulle doen? (1)
 - 2.3 Watter stereotipering van plaasboere kom in die strokie voor? (2)
- [4]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 3**

Lees die onderstaande verkorte en verwerkte artikel uit *Pols, Winter 2011* aandagtig deur en voer dan die opdrag uit.

SOM DIE REDES WAAROM DIT GOED VIR JOU IS OM SJOKOLADE TE EET IN SEWE VOLSINNE OP.

- Skryf jou sewe sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Jy moet een sin oor elke feit skryf.
- Jy mag jou eie woorde gebruik.
- Jou opsomming mag nie langer as 50 woorde wees nie.
- Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan die einde van jou opsomming aan.
- Jy sal streng gepeenaliseer word as jy nie die aanwysings volg nie.

REDES OM SJOKOLADE TE EET

Die meeste van ons het geen aanmoediging nodig om aan 'n sensuele, romerige happie sjokolade weg te lê nie. En nou dui al meer navorsing dat jy maar gerus kan.

Ons verbind sjokolade met liefde. As jy sjokolade eet, stimuleer dit jou goedvoelhormone en dit laat jou emosioneel beter voel. Sjokolade bevat baie magnesium wat help met die beheer van die goedvoelstowwe serotonien en dopamien.

Preëklamsie is een van die algemeenste komplikasies van swangerskap. Dit kan die ma en ongebore baba se lewens bedreig. Nou het Amerikaanse navorsers aan die Yale- en Iowa-universiteite bevind donkersjokolade kan die risiko vir preëklamsie verlaag as vroue gereeld donkersjokolade tydens hul swangerskappe eet.

As jy in die oggend 'n stafie bittersjokolade eet nadat jy heel nag gevas het, kan dit jou selfs help om gewig te verloor, het navorsers aan die Universiteit van Kopenhagen bevind. Mans wat dit gedoen het, het die res van die dag 15% minder geëet as dié wat dit nie gedoen het nie.

Wetenskaplikes ondersoek die verband tussen sjokolade en hart- en bloedvatgesondheid nou al meer as 'n dekade en al hul navorsing dui daarop dat donkersjokolade hoë bloeddruk help verlaag en so hart- en ander siektes help voorkom.

Die vermoë van sjokolade om bloedvate te verwyd, kan ook komplikasies van lewersirroze help voorkom. Mense met lewersirroze het harde lewerweefsel wat die vloei van bloed na en deur dié lewensbelangrike orgaan belemmer.

Sjokolade minstens een keer per week verminder die gevaar van beroerte en help mense wat beroerde gehad het om vinniger te herstel, is in studies aan die McMaster-universiteit in Kanada bevind.

In 'n studie deur die Tufts-universiteit in Amerika en die L'Aquila-universiteit in Italië is bevind dat jy insulienweerstandigheid (wanneer insulien nie meer help om die suikervlak in jou bloed te verlaag nie) kan verminder deur daaglik 100 gram bittersjokolade te eet. Insulienweerstandigheid is 'n voorloper van diabetes en 'n risikofaktor vir hartsiektes.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: POËSIE**VRAAG 4**

Lees die volgende gedig van 'n onbekende digter en verklarings en voer dan die opdragte uit.

Kamikaze

1 Vanaf die vlerk kaats die son
die heerlijkheid van lig en ek en blou
is een, dan deur die fyn kapok
van wolke dring ek – die kind uit tokio
5 as 'n laat Lucifer maar o die see
is blou vandag sy blouste blou!
mens moet vergeet: die dae
in jou vaderland vir wie jy nou
vir laas 'n wye swaai
10 swenk deur die lug – en hoor ek
grofgeskut? die klank is heerlijk
in my as ek duik
as vuurpyl na die skip, die oomblik
is die heerlikste, hier kom ek: kamikaze!

VERKLARINGS UIT DIE HANDWOORDEBOEK VAN DIE AFRIKAANSE TAAL

Kamikaze: Japanse vlieënier wat in 'n selfmoordvliegtuig sy vliegtuig op 'n vyandelike skip gestort het gedurende die Tweede Wêreldoorlog.

Lucifer: Vors van die duisternis, Satan

4.1 Waarna verwys “blou” onderskeidelik in:

4.1.1 reël 2 (1)

4.1.2 reël 6 (1)

4.2 Wat is die simboliese betekenis van “blou” in dié gedig?
Skryf die korrekte nommer en antwoord neer:

A vrees

B oorlog

C geluk

D rustigheid (1)

- 4.3 Benoem die beeldspraak in “fyn kapok van wolke” (reël 3). (1)
- 4.4 Waarom was die vlieënier juis daardie dag so intens bewus van die natuur? (1)
- 4.5 Watter woord in reël 12 – 14 dui aan hoe die vlieënier oor sy plig voel? (1)
- 4.6 4.6.1 Watter klank oorheers in reël 1? (1)
- 4.6.2 Wat word hierdie verskynsel genoem? (1)
- 4.7 Noem TWEE kenmerke van ’n vrye vers soos dit uit hierdie gedig blyk. (2 x 1) (2)

TOTAAL AFDELING C: 10

AFDELING D: TAALWERK IN KONTEKS

VRAAG 5

- 5.1 Lees die volgende advertensie uit *Weg*, November 2010 en voer dan die opdragte uit.

<p>Oral waar jy dié simbool sien kan jy onmiddellike aanlyn-besprekings doen.</p>		<p>Besoek www.weg.co.za klik op ‘Akkomodasie’ regs bo op die navigasiebalkie.</p>
--	---	---

- 5.1.1 Twee spelfoute is in die advertensie begaan. Verbeter die twee woorde se spelwyse. (2 x 1) (2)
- 5.1.2 'n Leesteken ontbreek. Skryf dié gedeelte oor waar die leesteken ontbreek en vul die leesteken in. (1)
- 5.1.3 Motiveer waarom jy die leesteken ingevul het. (1)
- 5.1.4 Waarvoor staan die afkorting [www.](http://www.weg.co.za)? (1)
- 5.1.5 Vorm 'n persoonsnaam van “navigasie.” (1)
- 5.1.6 Gee die verkleinwoord van “besprekings.” (1)
- 5.1.7 “Besoek” is in die advertensie as 'n werkwoord gebruik. Maak nou 'n verklarende sin waarin jy “besoek” as 'n selfstandige naamwoord gebruik. (1)

[8]

- 5.2 Lees die lesersbrief uit *WEGRY*, Maart 2011 en voer dan die onderstaande opdragte uit.

Hoe lyk dit met 'n koffietjie?

1. Ons was in Desember ... vakansie by Mana-poele in Zimbabwe en het vier aande by die Nyamepi-kamp oorgeslaap.
2. Vyf olifantbulle het gereeld ons kamp kom besoek. Hulle was rustig en glad nie aggressief nie. Van hulle was nogal nuuskierig en het baie naby die tente en waentjies gekom. Die een het ook naby die ablusieblok gaan staan, sy slurp oor 'n boomtak gehang en sy been opgelig. Dit het gelyk of hy 'n bietjie rus.
3. Dié foto is vroeg een oggend geneem terwyl my man besig was om koffiewater te kook. Die olifant het rustig aangestap gekom en tussen ons twee voertuie inbeweeg. Ek was in die daktent en het skaars asemgehaal. Dit was ongelooflik om sy lang wimpers van so naby te sien. Ek kon ook nie glo dat hy nie een tentpen raakgetrap het nie.
4. Mana-poele is ongelooflik mooi. Snags was daar ook hiënas in die kamp.

**GERDA ALGERA,
Pretoria**

- 5.2.1 Gee die vroulike vorm van “olifantbulle.” (1)
- 5.2.2 Skryf die volgende sin in die lydende vorm:
Vyf olifantbulle het gereeld ons kamp kom besoek. (2)
- 5.2.3 Verskaf die intensiewe vorm van “rustig.” (1)
- 5.2.4 Voltooi:
Iemand wat baie nuuskierig is, word 'n nuuskierige ... genoem. (1)
- 5.2.5 Verstrek die meervoud van “foto.” (1)
- 5.2.6 Uit hoeveel stamme bestaan die woord, “koffiewater”. (1)
- 5.2.7 Die olifant het nie een tentpen raakgetrap nie.
Skryf uit die bogenoemde sin die volgende neer:
- (a) die gesegde (1)
 - (b) 'n bywoord (1)
 - (c) die onderwerp (1)
- 5.2.8 Vul die ontbrekende voorsetsel in paragraaf 1 neer. (1)
- 5.2.9 Gee 'n sinoniem vir die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)

[12]

TOTAAL AFDELING D: 20


AFDELING E: SKRYFWERK**VRAAG 6****INSTRUKSIES**

- 1.1 Kies EEN van die volgende onderwerpe en skryf dan 'n OPSTEL van 250 – 300 woorde.
- 1.2 Jy moet jou werk deeglik BEPLAN, REDIGEER en jou skryfstuk PROEFLEES. Die beplanning moet gedoen word voordat jy die opstel skryf.
- 1.3 Dui jou beplanning duidelik aan met die woord “beplanning” sodat daar nie verwarring kan ontstaan oor watter stuk jou finale stuk is nie.
- 1.4 Nommer die skryfstuk net soos op die vraestel.
- 1.5 Voorsien die skryfstuk van 'n gepaste titel/opskrif.
- 1.6 Die skryfstukke moet jou eie oorspronklike werk wees.
- 1.7 Jy mag nie plagiaat pleeg nie.
- 1.8 Die titel word nie aanmerking gebring as die woorde getel word nie.
- 1.9 Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan.
- 1.10 Skryf netjies en leesbaar.
- 1.11 Gebruik die ekstra inligting by 6.3, 6.6 en 6.8 net as stimulus.

6.1 Skryf 'n opstel wat met dié woorde begin:

En toe hoor ek die voetstappe agter my ...

6.2 Agter die Dierebeskeringsvereniging (DBV) se mure.



6.3 Braaivleis, biltong, potjiekos, Mev. Balls se blatjang, proteas, vuvuzelas, sonskyn, die Suiderkruis ...

Titel: Ek is trots Suid-Afrikaans!

6.4 Ons hoor gereeld van besoedeling, diere wat uitgewis word, vermorsing van natuurlike hulpbronne, oorbevolking, ens.




Titel: Laat tog iets vir die nageslag, asseblief.

6.5 *Dinsdagmôre se engel*

6.6 Die derde laai

6.7 Die kiekies in my foto-album vertel elk sy eie storie.



6.8 *Blou glasbottels, geel magrietjies, katte wat spin,
pannekoek met baie kaneel, kaalvoet in die reën,
die voëltjies in my tuin, briewe van my oorsese
vriende, lakens wat na sonskyn ruik, Ma se
melktert, Kersfees, sing in die stort ...*

Titel: My gunsteling goed

6.9 Vrydag, die laaste periode

6.10 Ek het 'n natuurramp oorleef.



TOTAAL AFDELING E: 40

GROOTTOTAAL: 100